

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 19**

**3 Mei 2026**

# GEBED

**'Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking" (Jak 5:16)**
**Die Amplified Bible omskryf hierdie krag as volg: " The heartfelt and persistent prayer of a righteous man (believer) is able to accomplish much [when put into action and made effective by God – it is dynamic and can have tremendous power."**

## Waarom bid ons dan nie? (2)

## Onvrymoedigheid

### Gebrek aan vrymoedigheid

Onvrymoedigheid tot God sal vir seker enige een se gebedslewe demp. Baie Christene se onvrymoedigheid is gesetel in gevoelens van persoonlike onwaardigheid. Hulle voel nie goed genoeg vir God nie en glo gevolglik die leuen dat hulle nie die goeie uit Sy hand verdien nie – daarom bly hulle stil in gebed.

### Onvoorwaardelike liefde

Hierdie ingesteldheid het dikwels sy wortels in 'n verlede waar eie waarde geknou is deur verwerping of ander emosionele letsels, wat 'n diep vrees vir verwerping deur God laat posvat. 'n Lewegewende besef van God se onvoorwaardelike liefde – dat Hy nie 'n aannemer van  persoon is nie en gebede verhoor op grond van genade, nie verdienstelikheid nie – bring innerlike genesing. Dit breek huiwering af en wek 'n nuwe vrymoedigheid om te bid.

### Genade vir ons swakhede

By ander spruit 'n gebrek aan vrymoedigheid uit hulle eie swakhede. Tog moet ons besef dat alle mense – ook Christene – met swakhede worstel. In die strewe na heiligmaking steek persoonlike tekortkominge dikwels weer kop uit, en dit kan 'n toegewyde gelowige se gebedslewe demp. Maar ons moet onthou dat die Here medelye het met ons swakhede en dat dit nie 'n hindernis behoort te wees vir ons vrymoedigheid om na God te gaan nie. "Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie.. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word" (Heb 4:15-16).
Verskuif jou fokus van persoonlike swakheid na die medelydende liefde van die Here Jesus, wat vir ons intree aan die regterhand van God (Rom 8:34). Bid met vrymoedigheid en 'n geruste hart. Lê alle skuldgevoelens en huiwering neer en beleef die rykdom, die diepte en die hemelse krag van 'n lewe van gebed. – Rudi Briel -

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Ook vir die areas en mense waar dit nog bitter droog is, asook waar daar vloede is.
- Vir God se plan in al die gebeure regoor die wêreld.
- Vir bemoediging van Sy kinders wat vasgevang is in oorloggeteisterde gebiede.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Johnny Viviers
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Marcel Holtzhausen
- Moos Nel
- Hannelie Ball
- Dina Roothman

Hettie Singleton
Tiné Pretorius
Juanita Rossouw
Janine Vorster
Arno Claassen
Jaap Naudé
Hazel de Villiers
Tannie Sannie Wentzel

**Ons innige simpatie met die familie en vriende met die afstwerwe van tannuie Marthie Venter !**

**Gedagte vir die week**

**Bid met 'n vrymoedige en 'n geruste hart.**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org